Gesondheid & *Velsorg*

(Somatologie)



POTCHEFSTROOM AKADEMIE
Tina Schöltz

t: 018 294 9037
e: info@potchakademie.co.za
w: www.potchakademie.co.za

Reg. nr. 1999/010357/07. Departement van Hoër Onderwys en Opleiding Registrasiesertifikaatnr. 2001/HE07/001.

MEER OOR POTCHEFSTROOM AKADEMIE

Potchefstroom Akademie (Edms) Bpk is by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding geregistreer as 'n privaat hoër opleidinginstansie kragtens die Wet op Hoër Onderwys, 1997. Registrasiesertifikaatnr. 2001/HE07/001.

MAAK GEREED VIR 'N TOEKOMS MET STYL

Potchefstroom Akademie en SAAHST geniet internasionale erkenning en voldoen aan Wetgewing op Nasionale Onderwys. Me Tina Schöltz, die Besturende Direkteur, het die instansie in 1981 gevestig wat sedertdien gegroei het tot een van die grootste privaat tersiêre instansies van sy soort in die land. Die Akademie is geleë in Potchefstroom, 'n lewendige studentestad.

Vir 'n opwindende toekoms aan Potchefstroom Akademie en SAAHST besoek ons kampus vir 'n persoonlike toer.

REDES HOEKOM POTCHEFSTROOM AKADEMIE DIE REGTE KEUSE IS:

- Een van die grootste privaat hoëropleidinginstansies van sy soort in Suid-Afrika
- Entrepreneur- en beroepsgerigte kwalifikasies
- Nasionale- en internasionale erkenning
- Gekwalifiseerde, toegewyde en ervare personeel
- Klein klasse met persoonlike aandag
- Kampus binne loopafstand van die Akademie-koshuise, sakesentrums en winkelsentrums
- Veilige parkering
- Polsende en onvergeetlike studentelewe.

WAT BIED ONS AAN?

- Diploma in Interior Decorating and Design (2 jaar voltyds)
- Higher Diploma in Interior Decorating and Design (3 jaar voltyds)
- Diploma in Therapeutic Aromatherapy (2 jaar voltyds)
- Diploma in Therapeutic Reflexology (2 jaar voltyds)
- Diploma in Therapeutic Massage (2 jaar voltyds)
- Diploma in Health and Skincare (2 jaar voltyds)
- Advanced Diploma in Somatology (3e jaar voltyds).

Potchefstroom Akademie en SAAHST het 'n samewerkingsooreenkoms wat beteken dat studente van beide instansies voordeel trek uit die gedeelde fasiliteite en kundigheid.

SAAHST bied aan:

- Certificate in Cosmetology (1 jaar voltyds)
- Certificate in Ladies' Hairdressing, level 2, 3 and 4 (2 jaar voltyds)
- Verskeie kort kursusse (deeltyds).

AKKREDITASIE

Potchefstroom Akademie (Edms) Bpk is geregistreer by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding as 'n privaat hoëropleidingsinstansie kragtens die Wet op Hoër Onderwys, 1997. Registrasiesertifikaatnr. 2001/HE07/001.

Ons kwalifikasies is by SAQA (South African Qualifications Authority) geregistreer op die NQF (National Qualifications Framework). Die feit dat die Akademie geakkrediteer sowel as geaffilieer is met 'n reeks plaaslike en internasionale instellings, bekragtig die uitstekende standaarde waaraan ons voldoen.

AFFILIASIES

- SAAHSP – South African Association for Health and Skincare Professionals
- CIDESCO – Comité International d' Esthetique
- BISA – British International Spa Association
- Approved Educational Institute member of the IID – South African Institute of the Interior Design Professions.

Die volgende vorm deel van die Akademie se kurrikula deur middel van 'n samewerkingsooreenkoms:

- Sertifikaat in Entrepreneurskap (ABKS) van die Noordwes Universiteit
- Sertifikaat in Oefenkunde van die Noordwes Universiteit.

ONDERRIGMEDIUM

Onderrig by Potchefstroom Akademie geskied in Afrikaans en Engels. Studiemateriaal, eksamens en toetse is in Afrikaans en Engels beskikbaar.

ERKENNING VAN VORIGE LEER

Potchefstroom Akademie (Edms) Bpk het 'n beleid en prosedure vir Erkenning van Vorige Leer (EVL).

Die basiese onderliggende doel van Erkenning van Vorige Leer is om, veral met volwassenes, deur middel van 'n oop, deursigtige benadering tot beoordeling, alle leer te erken, hoe dit ook al verwerf is.
Vorms om aansoek te doen vir EVL is by die Akademie beskikbaar.

BEOORDELING, AKADEMIESE KREDIETAKKUMULASIE, VORDERING EN KWALIFIKASIE

Die student verkry 'n kwalifikasie na beoordeling of hy /sy aan al die kriteria en uitkomste voldoen het, of klasbywoning voldoende was, alle vakke geslaag is en alle ondervindingsure voltooi is.

DEPARTEMENT VIR SKOONHEIDSTERAPIE

- Diploma in Health and Skincare (NQF-vlak 5) – 2 jaar voltyds
  Ten volle geakkrediteer – HEQC, geregistreer by die DHET.
- Advanced Diploma in Somatology (NQF-vlak 6) – 3de jaar voltyds
  Ten volle geakkrediteer – HEQC, geregistreer by die DHET
- SAAHSP Nasionale Diploma (opsionele eksterne eksamen)
- CIDESCO Internasionale Diploma (opsionele eksterne eksamen).

As jy graag meer kennis en ervaring deur middel van 'n holistiese benadering wil opdoen, is 'n loopbaan in Somatologie die ideale keuse vir jou.

Somatologie is 'n veelsydige beroep waar die Somatoloog leer om 'n verskeidenheid vel- en liggaamstoestande op 'n holistiese, en met 'n gesondheidsverwante benadering, te behandel. Terapeute word opgelei vir die plaaslike en internasionale mark, spa-terapie en -bestuur.

Somatoloë het 'n deeglike kennis van die menslike liggaam, kosmetiese produkte en gebruik tegnologies gevorderde behandelings en toerusting. Die kombinasie van skoonheid, gesondheid en wetenskap fokus op die verbetering van mense se lewensgehalte en hulle welstand terwyl daar op die jongste neigings en tegnieke gekonsentreer word.

Vakke sluit in: Anatomie, Voeding, Liggaamsterapie, Kosmetiese Wetenskap, Velsorg, Grimering, Manikuur en Pedikuur, Bewassing, Oefenkunde, Besigheidspraktyk en Entrepreneurskap, Spabestuur, Aromaterapie, Massering, Refleksologie en veel meer.

DOELWITTE VAN VAKKE

Anatomie en Fisiologie I & II

- Die struktuur, organisasie en beginsels van die menslike liggaam
- Leer die onderlinge verband wat die verskillende stelsels met mekaar het
- Ken en verstaan die voortplanting-, endokriene, senu-, urien-, asemhalings-, limf, sensoriese-, bloedsomloop- en spysverteringstelsel as verwysingspunt om te diagnoseer, veilige, doeltreffende behandelings en advies te gee en 'n holistiese benadering ten opsigte van gesondheid en velsorg te volg.

Liggaamsterapie I & II (Teorie en Prakties)

- Assesseer en analiseer die kliënt se figuur en skryf 'n behandelingsplan voor om aan die kliënt se behoeftes te voldoen
- Doen 'n Sweedse massering
- Selfverbruiningsbehandelings
- Voorbereiding, hantering en uitvoering van voorverhittingsbehandelings, deur middel van galvaniese-, vakuumsuig-, faradiese, G5- en interferensie-lyfverslankingsmasjiene.

Sakepraktyk I & II

- Besigheidsplanne, reklame, bemarking van jou besigheid, en die regsimplikasies van betrokke wetgewing
- Verskillende tipes korporasies, versekering en openbare aanspreeklikheid
- Rekeningkundige sisteme wanneer 'n besigheid bedryf word, insluitend inkomste, uitgawes en BTW
- Ontwikkeling en instandhouding van 'n voorraadbeheerstelsel

Kosmetiese Wetenskap I & II

- Gebruik die kennis van fisika, chemie en kosmetiese chemie om veiligheidsmaatreëls toe te pas tydens die gebruik van elektriese apparaat en om bestanddele en effekte van produkte te identifiseer
- Teoretiese oorsig van organiese en anorganiese onderskeid met betrekking tot toegepaste kosmetologie.

Kommunikasie en Luistervaardighede

- Ontwikkel 'n begrip van menslike gedrag en hoe om daarop te reageer
- Die opstel van 'n professionele CV
- Die prosedure om 'n suksesvolle onderhoud af te lê.

Noodhulp

- Evalueer die ongelukstoneel en die pasiënt en pas maatreëls toe; maak die lugweg skoon en pas hartmassering toe
- Behandel skok en klein beserings.

Manikuur en Pedikuur (Teorie en Prakties)

- Identifiseer verskillende naelvorms, misvorming en kontraindikasies
- Pas die korrekte tegnieke toe met die behandeling van die hande en voete
- Deeglike kennis van produkte en gespesialiseerde behandelings, bv. maskers, paraffienwas en olie-behandelings.

Grimering (Teorie en Prakties)

- Pas die kennis van grimeertegnieke, kleur, produkte en implemente toe om die kliënte se gelaatstrekke te beklemtoon
- Pas die verskillende kleurskemas toe deur gebruik te maak van die basiese beginsels van kleurharmonie.

Voeding I & II

- Lei die kliënt na gesonder leefstyl deur voedselaanvullings te evalueer en die effekte van buite-faktore op dieetaanvullings te verduidelik
- Beklemtoon die intieme verhouding wat bestaan tussen fisiese gesondheid en geestelike denkpatrone.

Reg. nr. 1999/010357/07. Departement van Hoër Onderwys en Opleiding Registrasiesertifikaatnr. 2001/HE07/001.

Oefenkunde I & II
- Voltooi liggaamsanalise vir die kliënt en gee advies oor oefeninge
- Demonstreer en kies oefeninge om spiertonus en postuurafwykings te bevorder.

Haarverwydering deur middel van Bewassing (Teorie en Prakties)
- Onderskei tussen verskillende tipes bewassing om die beste sisteem voor te skryf vir die area wat haarverwydering benodig
- Kennis van ander haarverwyderingsmetodes, bv. bleiking
- Pas die korrekte tegniek van haarverwydering toe.

Velsorgterapie I & II (Teorie en Prakties)
- Identifiseer verskeie velprobleme, pigmentasie, abnormaliteite, allergiese reaksies en velsiektes
- Leer om die vel te analiseer en skryf behandelingsplanne en tuissorgadvies voor om die kliënt se behoeftes te vervul
- Identifiseer en gebruik verskillende velsorgprodukte gedurende behandelings
- Adviseer kliënte oor wenkbrouvorm, pluk daarvan en kleur van wenkbroue en wimpers
- Die effektiewe gebruik van alle velsorgmasjiene in die praktyk.

Sterilisasie en Higiëne
- Werk higiënies en verstaan die belangrikheid van persoonlike-, salon- en kliëntehigiëne deur gebruik te maak van verskillende metodes van sterilisasie.

DERDEJAAR

Aromaterapie (Teorie en Prakties)
- Geskiedenis en teorie van Aromaterapie
- Goeie kennis van organiese chemie
- Kennis van essensiële olies.
- Aromaterapie masseringsbehandeling met geselekteerde vermenging van draer olies en essensiële olies na aanleiding van die behandelingsplan.

Kouterisering en Elektrolise (Teorie en Prakties)
- Kennis van haarstruktuur
- Studie van hormonale veranderinge wat ongewenste haargroei veroorsaak
- Permanente verwydering van ongewenste hare deur middel van elektrolise
- Leer die galvaniese- en mengmetode
- Gebruik van eenstuk- en tweestuknaalde
- Behandel spinnerakaartjies en gedilateerde kapillêre deur die bloedvat te kouteriseer.

Rekenaarpraktyk
- Basiese kennis en gebruik van Microsoft Office bv Word, Excel, Outlook.

Dieetaanvullings
- Gevorderde kennis van voeding
- Inligting oor siektes as resultaat van moderne leefstyl
- Implementeer dieet- en leefstylaanpassings.

Dermatologie III (Teorie en Prakties)
- Gevorderde velsorgbehandelings, soos laser, IPL, afskilfering en mikrodermabrasie
- Borsbehandelings.

Reg. nr. 1999/010357/07. Departement van Hoër Onderwys en Opleiding Registrasiesertifikaatnr. 2001/HE07/001.

Limfdreinering (Teorie en Prakties)
- Holistiese benadering tot gesondheid
- Masseringstegniek wat die vloei van limf bevorder om algehele welstand te bevorder
- Ontspannings- en asemhalingstegnieke.

Paramediese Liggaamstegnieke
- Warmklipmassering
- Kopmassering
- Duo massering.

Refleksologie (Teorie en Prakties)
- Holistiese benadering tot gesondheid
- Ontspanningstegnieke op die voete en hande
- Leer die refleksologie behandeling op die voete en hande
- Leefstylbestuur.

Spa Tegnieke (Teorie en Prakties)
- Konsep van verskillende spa's
- Spa terminologie
- Waterhigiëne
- Beroepsgesondheid en –veiligheid
- Hidroterapie behandelings
- Pakkette, menu's en vloerplanne.

MINIMUM VEREISTES
Nasionale Senior Sertifikaat of soortgelyke kwalifikasie. Aanbevole vakke sluit in Lewenswetenskappe en Fisiese Wetenskappe. Toelating word bepaal deur middel van persoonlike onderhoud.

BEROEPSMOONTLIKHEDE
Skoonheidsalonne / Verslankingsklinieke / Elektrolise klinieke / Gimnasiums / Apteke (Velsorg en Gesondheidsterapeute, gespesialiseerde verkope ens.) / Groot hotelle en oorde / Kosmetiese verkope / Produktehuis bemarking / Tydskrifte en koerante (skoonheidsartikels) / Spa's / Welstandsentrums / Luukse passasiersbote.

PRAKTIESE ONDERVINDINGSURE
Eerstejaar
50 ure verpligtend in die Jolie Femme Opleidingsfasiliteit (vanaf Julie).

Tweedejaar
350 ure in totaal (50 ure verpligtend in die Jolie Femme Opleidingsfasiliteit).
300 ure in goedgekeurde salon onder toesig vangekwalifiseerde terapeut.
50 ure mag administratiewe werk wees.
Verkope vorm deel van die ondervindingsure.

Derdejaar:
200 ure in totaal (50 ure verpligtend in die Jolie Femme Opleidingsfasiliteit) en/of Tina Schöltz Dagspa.
150 ure in goedgekeurde spa onder toesig van gekwalifiseerde terapeut/bestuurder.
Verkope vorm deel van die ondervindingsure.

Studente wat kwalifiseer, mag die volgende eksterne eksamens voltooi teen 'n addisionele fooi:
- SAAHSP (South African Association for Health and Skincare Professionals)
- CIDESCO (Comité International d'Esthetique et de Cosmétologie – Switzerland) CIDESCO SPA.

Reg. nr. 1999/010357/07. Departement van Hoër Onderwys en Opleiding Registrasiesertifikaatnr. 2001/HE07/001.